# NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen

# Bybelnagte 2017




**Tema:** 'n Gawe van God? Musiek van die Reformasie

**Datum:** Woensdag 25 Oktober 2017

**Tyd:** 18:00 (kaas en wyn) en om 19:00 tree sprekers op.

**Plek:** NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen

**Sprekers:** Johan Cilliers, Izak Grové en Winand Grundling

**RSVP:** teen Maandag 23 Oktober 2017 (by skriba@stelwel.co.za / 021 886 5975)

**Meer inligting:** webtuiste (stelwel.co.za)

"Music I have always loved. He who knows music has a good nature. Necessity demands that music be kept in the schools. A schoolmaster must be able to sing; otherwise I will not look at him. And before a young man is ordained into the ministry, he should practise music in school."

Die bekende Hervormer Martin Luther (1483 – 1546) is hier aan die woord oor sy liefde vir musiek, wat hy elders ook as "'n (uitstekende) gawe van God" beskryf wat hy aan almal aanbeveel.

Tog is Luther, wat weliswaar vanjaar 'n belangrike figuur is met die 500-jarige Reformasievieringe, nie die enigste teoloog van die 16de eeuse Reformasie wat belangrike bydraes tot denke oor musiek gelewer het nie. Johannes Calvyn (1509 – 1564) en Ulrich Zwingli (1484 – 1531) word ook gereken onder diegene wat erns gemaak het met musiek in die kerk.

Hiermee sou belangrike vrae op die tafel geplaas word, ook vir ons tyd: Watter rol behoort musiek in eredienste te speel? Watter rol het musiek in die Reformasie gespeel? Hoe dink ons oor liedere as uitdrukkings van ons geloofsoortuigings? En hoe sou ons kon dink oor die verband tussen die Bybel en musiek?